THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.]

VOL. CLXII.] PRICE 6d. PRETORIA, 20 OCTOBER / 20 OKTOBER 1950. PRYS 6d. [No. 4477.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		Page
	Proclamations.	
✱ 253.	House of Assembly By-election: Electoral Division of Smithfield	1
✱ 254.	House of Assembly By-election: Electoral Division of Wolmaransstad	1
✱ 255.	House of Assembly By-election: Electoral Division of Pretoria East	2
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱ 2563.	Appointment of President of the Council for Scientific and Industrial Research	3
✱ 2564.	Appointment of Members of the Council for Scientific and Industrial Research	3
✱ 2565.	Appointment of Executive Committee of the Council for Scientific and Industrial Research	3
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱ 2528.	Weekly Statement of the South African Reserve Bank	3
✱ 2529.	Monthly Statement of the South African Reserve Bank	4
✱ 2530.	Bank Returns: Correction Notice	5
✱ 2531.	Monthly Returns by Permanent Building Societies	5
✱ 2542.	Weekly Statement of the South African Reserve Bank	6
	DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:	
✱ 2532.	Location Regulations for certain Districts of the Transkeian Territories	6
✱ 2533.	Margate Municipality: Establishment of Native Location, etc.	8
✱ 2579.	Commission of Enquiry into Disturbances at Witzieshoek	8
	DEPARTMENT OF LANDS:	
✱ 2543.	Committee of Management: Riversdale Settlement: Appointment of Members	8
	DEPARTMENT OF FORESTRY:	
2297.	Proposed Demarcation of a Portion of Karatara Forest Reserve	9

G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		Bladsy
	Proklamasies.	
✱ 253.	Volksraadtussenverkiesing: Kiesafdeling Smithfield	1
✱ 254.	Volksraadtussenverkiesing: Kiesafdeling Wolmaransstad	1
✱ 255.	Volksraadtussenverkiesing: Kiesafdeling Pretoria-Oos	2
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱ 2563.	Aanstelling van President van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad	3
✱ 2564.	Aanstelling van Lede van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad	3
✱ 2565.	Benoeming van Uitvoerende Komitee van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad	3
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱ 2528.	Weeklikse Staat van die Suid-Afrikaanse Reserwebank	4
✱ 2529.	Maandelikse Staat van die Suid-Afrikaanse Reserwebank	4
✱ 2530.	Bankopgawes: Verbeteringskennisgewing	5
✱ 2531.	Maandelikse Opgawe deur Permanente Bouverenigings	5
✱ 2542.	Weeklikse Staat van die Suid-Afrikaanse Reserwebank	6
	DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:	
✱ 2532.	Lokasieregulasies vir Sekere Distrikte van die Transkeise Gebiede	6
✱ 2533.	Munisipaliteit Margate: Stigting van Naturelle-lokasie, ens.	8
✱ 2579.	Kommissie van Ondersoek na Onluste in Witzieshoek	8
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
✱ 2543.	Aanstelling van Lede van Komitee van Beheer: Riversdalnedersetting	8
	DEPARTEMENT VAN BOSBOU:	
2279.	Voorgenome Demarkasie van 'n Gedeelte van die Karatara-bosreserwe	9

B.S.=Buitengewone Staatskoerant.

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
† 2429.	Amendments to the Regulations for the South African Police: Correction Notice	9
✱ 2544.	South African Police: Retirement of Officer	9
✱ 2545.	South African Police: Retirement of Officer	10
✱ 2546.	South African Police: Promotion	10
	DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS:	
† 2453.	Correction Notice: Amendment of Regulations for the Harbours of the Union of South Africa and South West Africa	10
✱ 2537.	Amendment of General Railway Regulations	11
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE:	
✱ 2566.	Newcastle Disease: Inoculation of Poultry	11
✱ 2568.	Restrictions: Rabies, Movement of Dogs	12
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
✱ 2520.	Maximum Prices of Cigarettes and Tobacco (*G.G.E.* No. 4476).	
✱ 2521.	Maximum Prices of Hides and Hide Pieces (*G.G.E.* No. 4476).	
✱ 2522.	Conditional Exemption: Garments Manufactured (*G.G.E.* No. 4476).	
✱ 2523.	Maximum Prices of Bronze Welding Rods (*G.G.E.* No. 4476).	
✱ 2524.	Control of Exports (*G.G.E.* No. 4476).	
	DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:	
✱ 2534.	By-laws relating to Street Trading by Children: Municipality of Kroonstad	13
✱ 2535.	Dissolution of Richmond Rent Board	16
✱ 2536.	Appointment of Members: Germiston Rent Board	16
✱ 2547.	Dissolution of Dannhauser Rent Board	16
✱ 2548.	Appointment of Members: Rent Boards	17
✱ 2549.	Dissolution of Vredefort Rent Board	17
✱ 2550.	Appointment of Members: Bloemfontein Rent Board	17
✱ 2551.	Appointment of Members: Rent Boards	18
✱ 2552.	Appointment of Members: Sterkstroom Rent Board	18
	DEPARTMENT OF INTERIOR:	
2511.	Objectionable Literature: List No. 70	18
✱ 2553.	Objectionable Literature: List No. 71	18
✱ 2569.	Registration in terms of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act: "South African Universities Hockey Union"	19
✱ 2570.	Change of Name: Wellbeloved to Forbes	19
	DEPARTMENT OF MINES:	
✱ 2538.	Cancellation of Diamond Cutters' Licence	19
✱ 2539.	Addition to List of Scheduled Mines	19
	DEPARTMENT OF LABOUR:	
✱ 2540.	Application for Registration as a Trade Union	20
✱ 2541.	Unemployment Insurance Act: Non-Contributors—Persons Employed in the Magisterial Districts of Frankfort, Reitz and Vrede	21
✱ 2554.	Wage Determination: Preserved Food Industry	21
✱ 2555.	Wage Determination: Motor Transport Driving	22
✱ 2556.	Wage Determination: Commercial Distributive Trade	22
✱ 2557.	Cancellation of Registration of a Trade Union	23
✱ 2558.	Application for Registration as a Trade Union	23
✱ 2559.	Motor Industry, Natal—Main Agreement: Extension of Period of Operation	24
✱ 2560.	Motor Industry, Natal—Unskilled Labour Agreement: Extension of Period of Operation	24
✱ 2561.	Wage Determination: Diamond Cutting Industry	25
✱ 2562.	Diamond Cutting Industry: Factories, Machinery and Building Work Act Notice	30

(Continued on back of cover.)

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
† 2429.	Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie: Verbeteringskennisgewing	9
✱ 2544.	Suid-Afrikaanse Polisie: Aftreding van Offisier	9
✱ 2545.	Suid-Afrikaanse Polisie: Aftreding van Offisier	10
✱ 2546.	Suid-Afrikaanse Polisie: Bevordering	10
	DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS:	
† 2543.	Verbeteringskennisgewing: Wysiging van Regulasies vir die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika	10
✱ 2537.	Wysiging in Algemene Spoorwegregulasies	11
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU:	
✱ 2468.	Beperkings: Hondsdolheid, Vervoer van Honde	12
✱ 2566.	Newcastle-siekte: Inenting van Pluimvee	11
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
✱ 2520.	Maksimum Pryse van Sigarette en Tabak (*B.S.* No. 4476).	
✱ 2521.	Maksimum Pryse van Huide en Stukke Huid (*B.S.* No. 4476).	
✱ 2522.	Voorwaardelike Vrystelling: Vervaardigde Kledingstukke (*B.S.* No. 4476).	
✱ 2523.	Maksimum Pryse van Bronssweisstawe (*B.S.* No. 4476).	
✱ 2524.	Uitvoerbeheer (*B.S.* No. 4476).	
	DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN:	
✱ 2534.	Verordeninge deur die Munisipaliteit Kroonstad met Betrekking tot Straathandel deur Kinders	13
✱ 2535.	Ontbinding van Huurraad Richmond	16
✱ 2536.	Aanstelling van Lede: Huurraad Germiston	16
✱ 2547.	Ontbinding van Huurraad Dannhauser	16
✱ 2548.	Aanstelling van Lede van Huurrade	17
✱ 2549.	Ontbinding van Huurraad Vredefort	17
✱ 2550.	Aanstelling van Lede: Huurraad Bloemfontein	17
✱ 2551.	Aanstelling van Lede: Huurrade	18
✱ 2552.	Aanstelling van Lede: Huurraad Sterkstroom	18
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
2511.	Aanstootlike Literatuur: Lys No. 70	18
✱ 2553.	Aanstootlike Literatuur: Lys No. 71	18
✱ 2569.	Registrasie ingevolge die Beskerming van Name, Uniforms en Wapenswet: South African Universities Hockey Union	19
✱ 2570.	Naamsverandering: Wellbeloved na Forbes	19
	DEPARTEMENT VAN MYNWESE:	
✱ 2538.	Intrekking van Diamantslyperslisensie	19
✱ 2539.	Byvoeging tot Lys Goudmyne	19
	DEPARTEMENT VAN ARBEID:	
✱ 2540.	Aansoek om Registrasie as 'n Vakvereniging	20
✱ 2541.	Werkloosheidversekeringswet: Niebydraers-persone in Diens in die Magistraatsdistrikte Frankfort, Reitz en Vrede	21
✱ 2554.	Loonvasstelling: Nywerheid vir die Inmaak van Voedsel	21
✱ 2555.	Loonvasstelling: Motorvoertuigbestuurder	22
✱ 2556.	Loonvasstelling: Kommersiële Distribusiebedryf	22
✱ 2557.	Intrekking van Registrasie van 'n Vakvereniging	23
✱ 2558.	Aansoek om Registrasie as 'n Vakvereniging	23
✱ 2559.	Motornywerheid, Natal-Hoofooreenkoms: Verlenging van Termyn van Toepassing	24
✱ 2560.	Motornywerheid, Natal—Ongeskoolde Arbeid-ooreenkoms: Verlenging van Termyn van Toepassing	24
✱ 2561.	Loonvasstelling: Diamantslypnywerheid	25
✱ 2562.	Diamantslypnywerheid: Kennisgewing kragtens die Wet op Fabrieke, Masjienerie en Bouwerk	30

(Vir vervolg sien laaste bladsy.)

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 253, 1950.]

HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTION.—ELECTORAL DIVISION OF SMITHFIELD.

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Smithfield in the House of Assembly, by reason of the resignation of Mr. Jacobus Johannes Fouche;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-five* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, No. 46 of 1946, as amended by the Electoral Law Amendment Act, No. 50 of 1948, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Smithfield in the House of Assembly;

(2) that a nomination court shall sit on Tuesday, the 7th day of November, 1950, at ten o'clock in the forenoon in the office of the Magistrate, Smithfield, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;

(3) that if a poll becomes necessary in the electoral division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination court, the said poll shall take place on Wednesday, the 13th day of December, 1950, and shall commence at seven o'clock in the morning and shall close at eight o'clock in the evening of the said day; and

(4) that the Magistrate, Smithfield, or other person lawfully acting for him, shall be, and is hereby, appointed to be the Returning Officer at the election in the said division to fill the said vacancy.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twelfth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.
T. E. DÖNGES.

✱ No. 254, 1950.]

HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTION.—ELECTORAL DIVISION OF WOLMARANSSTAD.

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Wolmaransstad in the House of Assembly, by reason of the resignation of Dr. the Honourable Ernest George Jansen;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-five* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, No. 46 of 1946, as amended by the Electoral Law Amendment Act, No. 50 of 1948, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Wolmaransstad in the House of Assembly;

(2) that a nomination court shall sit on Tuesday, the 7th day of November, 1950, at ten o'clock in the forenoon in the office of the Magistrate, Wolmaransstad, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 253, 1950.]

VOLKSRAADTUSSENVERKIESING.—KIESAFDELING SMITHFIELD.

Nademaal dit tot my kennis gebring is dat 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Smithfield in die Volksraad ontstaan het weens die bedanking van mnr. Jacobus Johannes Fouche;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *vyf-en-dertig* en *agt-en-tagtig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, No. 46 van 1946, soos gewysig by die Wysigingswet op die Kieswet, No. 50 van 1948, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Smithfield in die Volksraad bestaan;

(2) dat 'n nominasiehof op Dinsdag, 7 November 1950, om tien-uur in die voormiddag in die kantoor van die Magistraat, Smithfield, sitting sal hou ten einde nominasies van kandidate vir verkiesing om gemelde vakature te vul, te ontvang;

(3) dat, indien 'n stemming in genoemde kiesafdeling nodig word deurdat meer as een persoon by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehof behoorlik genomineer is, genoemde stemming op Woensdag, 13 Desember 1950, sal plaasvind en om sewe-uur in die môre 'n aanvang sal neem en om agt-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en

(4) dat die Magistraat, Smithfield, of 'n ander persoon wat wettig in sy plek ageer, by die verkiesing in genoemde kiesafdeling om gemelde vakature te vul, kiesbeampte is en hierby as sodanig benoem word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.
T. E. DÖNGES.

✱ No. 254, 1950.]

VOLKSRAADTUSSENVERKIESING.—KIESAFDELING WOLMARANSSTAD.

Nademaal dit tot my kennis gebring is dat 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Wolmaransstad in die Volksraad ontstaan het weens die bedanking van Sy Edele dr. Ernest George Jansen;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *vyf-en-dertig* en *agt-en-tagtig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, No. 46 van 1946, soos gewysig by die Wysigingswet op die Kieswet, No. 50 van 1948, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Wolmaransstad in die Volksraad bestaan;

(2) dat 'n nominasiehof op Dinsdag, 7 November 1950, om tien-uur in die voormiddag in die kantoor van die Magistraat, Wolmaransstad, sitting sal hou ten einde nominasies van kandidate vir verkiesing om gemelde vakature te vul, te ontvang;

(3) that if a poll becomes necessary in the electoral division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination court, the said poll shall take place on Wednesday, the 13th day of December, 1950, and shall commence at seven o'clock in the morning and shall close at eight o'clock in the evening of the said day; and

(4) that the Magistrate, Wolmaransstad, or other person lawfully acting for him, shall be, and is hereby, appointed to be the Returning Officer at the election in the said division to fill the said vacancy.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twelfth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 255, 1950.]

HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTION.—ELECTORAL DIVISION OF PRETORIA EAST.

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Pretoria East in the House of Assembly, by reason of the death of Field-Marshal the Right Honourable Jan Christiaan Smuts;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-five* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, No. 46 of 1946, as amended by the Electoral Law Amendment Act, No. 50 of 1948, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Pretoria East in the House of Assembly;

(2) that a nomination court shall sit on Tuesday, the 7th day of November, 1950, at ten o'clock in the forenoon in the office of the Electoral Officer, Pretoria, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;

(3) that if a poll becomes necessary in the electoral division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination court, the said poll shall take place on Wednesday, the 13th day of December, 1950, and shall commence at seven o'clock in the morning and shall close at eight o'clock in the evening of the said day; and

(4) that the Electoral Officer, Pretoria, or other person lawfully acting for him, shall be, and is hereby, appointed to be the Returning Officer at the election in the said division to fill the said vacancy.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twelfth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

(3) dat, indien 'n stemming in genoemde kiesafdeling nodig word deurdat meer as een persoon by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehof behoorlik genomineer is, genoemde stemming op Woensdag, 13 Desember 1950, sal plaasvind en om sewe-uur in die môre 'n aanvang sal neem en om agt-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en

(4) dat die Magistraat, Wolmaransstad, of 'n ander persoon wat wettig in sy plek ageer, by die verkiesing in genoemde kiesafdeling om gemelde vakature te vul, kiesbeampte is en hierby as sodanig benoem word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 255, 1950.]

VOLKSRAADTUSSENVERKIESING.—KIESAFDELING PRETORIA-OOS.

Nademaal dit tot my kennis gebring is dat 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Pretoria-Oos in die Volksraad ontstaan het weens die dood van Sy Hoogedele veldmaarskalk Jan Christiaan Smuts;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *vyf-en-dertig* en *agt-en-tagtig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, No. 46 van 1946, soos gewysig by die Wysigingswet op die Kieswet, No. 50 van 1948, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Pretoria-Oos in die Volksraad bestaan;

(2) dat 'n nominasiehof op Dinsdag, 7 November 1950, om tien-uur in die voormiddag in die kantoor van die Verkiesingsbeampte, Pretoria, sitting sal hou ten einde nominasies van kandidate vir verkiesing om gemelde vakature te vul, te ontvang;

(3) dat, indien 'n stemming in genoemde kiesafdeling nodig word deurdat meer as een persoon by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehof behoorlik genomineer is, genoemde stemming op Woensdag, 13 Desember 1950, sal plaasvind en om sewe-uur in die môre 'n aanvang sal neem en om agt-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en

(4) dat die Verkiesingsbeampte, Pretoria, of 'n ander persoon wat wettig in sy plek ageer, by die verkiesing in genoemde kiesafdeling om gemelde vakature te vul, kiesbeampte is en hierby as sodanig benoem word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 2563.] [20 October 1950.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government has, in terms of section *six* (2) of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), as amended, approved of the appointment of Dr. P. J. du Toit as President of the Council for Scientific and Industrial Research for a period of one year with effect from the 5th October, 1950.

✱ No. 2564.] [20 October 1950.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to appoint the following persons to the Council for Scientific and Industrial Research:—

(*a*) Drs. T. B. Davie en B. F. J. Schonland for the unexpired period of office of Drs. P. J. du Toit and S. F. Oosthuizen, resigned, in terms of regulation 3 of the Scientific Research Council Regulations made under section *fifteen* of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), as amended; and

(*b*) Dr. F. J. de Villiers, Mr. T. P. Stratten and Dr. E. Taberner for a further period of three years with effect from 5th October, 1950, in terms of section *five* (1) and (2) of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), as amended.

✱ No. 2565.] [20 October 1950.

EXECUTIVE COMMITTEE OF THE COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH.—APPOINTMENT.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *eight* of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), the Council for Scientific and Industrial Research has selected Francois Jean de Villiers and Hendrik Johannes van Eck to be the two members who, with the President, shall be the Executive Committee of the Council for a period of one year as from the 5th day of October, 1950.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 2563.] [20 Oktober 1950.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag kragtens artikel *ses* (2) van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), soos gewysig, goedkeuring geheg het aan die aanstelling van dr. P. J. du Toit as President van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad vir 'n tydperk van een jaar met ingang van 5 Oktober 1950.

✱ No. 2564.] [20 Oktober 1950.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om die volgende persone op die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad aan te stel:—

(*a*) Drr. T. B. Davie en B. F. J. Schonland vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van drr. P. J. du Toit en S. F. Oosthuizen wat bedank het kragtens regulasie 3 van die regulasies wat ingevolge artikel *vyftien* van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), soos gewysig, vasgestel is; en

(*b*) dr. F. J. de Villiers, mnr. T. P. Stratten en dr. E. Taberner vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang van 5 Oktober 1950, kragtens artikel *vyf* (1) en (2) van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), soos gewysig.

✱ No. 2565.] [20 Oktober 1950.

UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD.—BENOEMING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad kragtens subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), Francois Jean de Villiers en Hendrik Johannes van Eck gekies het as die twee lede wat, saam met die President, die Uitvoerende Komitee van die Raad is vir 'n tydperk van een jaar met ingang van 5 Oktober 1950.

DEPARTMENT OF FINANCE.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱ No. 2528.] [20 October 1950.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 29th day of September, 1950.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,335,264	6	7
Notes in Circulation	71,352,792	0	0
Deposits:			
(*a*) Government	25,440,182	9	4
(*b*) Bankers	61,996,194	2	11
(*c*) Other	2,933,343	14	11
Bills Payable	—		
Other Liabilities	12,216,589	18	5
	£177,274,366	12	2

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,310,918. 0s. 7d. held outside Union	63,543,779	1	2
Subsidiary Coin	306,368	5	11
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	78,558,062	14	7
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	6,094,018	1	9
Government Securities	19,984,493	1	0
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	8,562,571	7	9
	£177,274,366	12	2

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 75·5 per cent.

Signed, this 5th day of October, 1950.

G. RISSIK, Chief Accountant.

✱ No. 2528.] [20 Oktober 1950.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 29ste dag van September 1950.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,335,264	6	7
Note in omloop	71,352,792	0	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	25,440,182	9	4
(*b*) Bankiers	61,996,194	2	11
(*c*) Andere	2,933,343	14	11
Wissels te betaal	—		
Ander laste	12,216,589	18	5
	£177,274,366	12	2

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £12,310,918. 0s. 7d. buite die Unie gehou word	63,543,779	1	2
Pasmunt	306,368	5	11
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	78,558,062	14	7
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	6,094,018	1	9
Regeringsekuriteite	19,984,493	1	0
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	8,562,571	7	9
	£177,274,366	12	2

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 75·5 persent.

Geteken, die 5de dag van Oktober 1950.

G. RISSIK, Hoofrekenmeester.

✱ No. 2529.] [20 October 1950.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 30th day of September, 1950.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,335,264	6	7
Notes in Circulation	71,310,959	0	0
Deposits:			
(*a*) Government	24,823,801	2	0
(*b*) Bankers	63,159,833	9	5
(*c*) Other	2,885,255	12	6
Bills Payable	—		
Other Liabilities	12,679,985	10	9
	£178,195,099	1	3

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. pet oz. fine) of which £12,310,918. 0s. 7d. held outside Union	63,543,779	1	2
Subsidiary Coin	306,422	8	0
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	79,808,072	14	0
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	6,043,113	4	11
Government Securities	19,984,493	1	0
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	8,284,144	12	2
	£178,195,099	1	3

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 75·6 per cent.

Signed, this 9th day of October, 1950.

G. RISSIK, Chief Accountant.

✱ No. 2529.] [20 Oktober 1950.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 30ste dag van September 1950.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,335,264	6	7
Note in omloop	71,310,959	0	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	24,823,801	2	0
(*b*) Bankiers	63,159,833	9	5
(*c*) Andere	2,885,255	12	6
Wissels te betaal	—		
Ander laste	12,679,985	10	9
	£178,195,099	1	3

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £12,310,918. 0s. 7d. buite die Unie gehou word	63,543,779	1	2
Pasmunt	306,422	8	0
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	79,808,072	14	0
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	6,043,113	4	11
Regeringsekuriteite	19,984,493	1	0
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	8,284,144	12	2
	£178,195,099	1	3

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 75·6 persent.

Geteken, die 9de dag van Oktober 1950.

G. RISSIK, Hoofrekenmeester.

✱ No. 2530.] [20 October 1950.

BANK RETURNS.

The following correction of Government Notice No. 2390 of 29th September, 1950, is published for general information.

✱ No. 2530.] [20 Oktober 1950.

BANKOPGAWES.

Onderstaande verbetering van Goewermentskennisgewing No. 2390 van 29 September 1950, word vir algemene inligting gepubliseer.

	Total. *Totaal.*
Liabilities to the Public in the Union. *Verpligtings teenoor die Public in die Unie.*	£
Demand Liabilities Onmiddellik opeisbare verpligtings	322,029,577
Time Liabilities Termynverpligtings	20,036,282
Total Liabilities to the Public Totale verpligtings teenoor die Publiek	342,065,859
Assets in the Union. *Bate in die Unie.*	
Subsidiary Coin Pasmunt	1,496,322
Gold Coin and Bullion Goudmunt en staafgoud	77,094
Notes of South African Reserve Bank Suid-Afrikaanse Reserwebankbiljette	8,744,096
Credit Balance in South African Reserve Bank Kreditsaldo in die Suid-Afrikaanse Reserwebank	57,165,620
Credit Balance in National Finance Corporation of South Africa Kreditsaldo in die Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika	12,945,000
Total Cash Reserves Totale kontantreserwes	80,428,132
Other Liquid Assets Ander liquide bate	139,897,343
Total Loans and Discounts Totale lenings en diskonterings	125,344,776
Ratios. *Verhoudingsyfers.*	%
Reserve Ratio Reserwepersentasie	23·51
Liquid Asset Ratio Persentasie liquide bate	64·41

✱ No. 2531.] [20 October 1950.

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information:—

✱ No. 2531.] [20 Oktober 1950.

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet, 1934, word onderstaande Samegestelde Opgaaf vir algemene inligting gepubliseer:—

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 31ST DAY OF AUGUST, 1950.

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Scoieties Act, 1934.)

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 31STE DAG VAN AUGUSTUS 1950.

(Ingevolge artikel *vier-en-veertig* van die Bouverenigingswet, 1934.)

Number of Societies—Aantal Verenigings	33		
Share Capital—Aandelekapitaal—			
Indefinite—Onbepaalde		£89,165,375	
Fixed Period—Vaste Termyn		£5,784,634	
TOTAL—TOTAAL			£94,950,009
Unimpaired Reserve Funds—Onaangetaste Reserwefondse			£9,063,175
Deposits—Deposito's—			
Fixed—Vaste		£90,796,335	
Savings—Spaar		£44,912,017	
TOTAL—TOTAAL			£135,708,352
Accrued Interest—Opgelope Rente			£1,948,510
Loans and Overdrafts—Lenings en Oortrekkings			£814,400
Mortgage Advances—Voorskotte teen Verband—			
Number—Aantal—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000	2,629		
(ii) All Advances—Alle Voorskotte	127,756		
Amount—Bedrag—			
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000		£31,354,195	
(ii) All Advances—Alle Voorskotte			£188,535,842
Granted but not paid out—Toegestaan maar nie uitbetaal nie			£14,988,096
Liquid Assets—Liquide Bate—			
Cash and Deposits—Kontant en Deposito's		£11,850,952	
Unencumbered Securities—Onbeswaarde Effekte		£35,544,957	
Accrued Interest—Opgelope Rente		£314,287	
TOTAL—TOTAAL			£47,710,196
Statutory Minimum Amount—Statutêre Minimum Bedrag			£33,288,261

✱ No. 2542.] [20 October 1950.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 6th day of October, 1950.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,335,264	6	7
Notes in Circulation	69,134,499	5	0
Deposits:			
(*a*) Government	22,052,813	15	1
(*b*) Bankers	64,991,928	10	9
(*c*) Other	8,201,099	17	0
Bills Payable	—		
Other Liabilities	11,563,772	13	0
	£179,279,378	7	5

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £12,310,918. 0s. 7d. held outside Union	63,112,418	10	5
Subsidiary Coin	304,710	18	2
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	81,208,494	17	11
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	6,179,301	9	0
Government Securities	19,985,090	7	8
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	8,264,288	4	3
	£179,279,378	7	5

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 75·3 per cent.

Signed, this 12th day of October, 1950.

G. RISSIK, Chief Accountant.

✱ No. 2542.] [20 Oktober 1950.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 6de dag van Oktober 1950.

LASTE.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,335,264	6	7
Note in omloop	69,134,499	5	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	22,052,813	15	1
(*b*) Bankiers	64,991,928	10	9
(*c*) Andere	8,201,099	17	0
Wissels te betaal	—		
Ander laste	11,563,772	13	0
	£179,279,378	7	5

BATES.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £12,310,918. 0s. 7d. buite die Unie gehou word	63,112,418	10	5
Pasmunt	304,710	18	2
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	81,208,494	17	11
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	6,179,301	9	0
Regeringsekuriteite	19,985,090	7	8
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	8,264,288	4	3
	£179,279,378	7	5

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 75·3 persent.

Geteken, die 12de dag van Oktober 1950.

G. RISSIK, Hoofrekenmeester.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

✱ No. 2532.] [20 October 1950.

The following Draft Proclamation is published for general information in terms of section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927.

DRAFT PROCLAMATION.

LOCATION REGULATIONS FOR CERTAIN DISTRICTS OF THE TRANSKEIAN TERRITORIES.—FURTHER AMENDMENT OF PROCLAMATIONS No. 174 OF 1921 AND No. 170 OF 1922.

Whereas it is expedient to apply certain provisions relating to the control of land, in operation in the unsurveyed districts of the Transkeian Territories, to the districts to which the provisions of Proclamations No.174 of 1921 and No. 170 of 1922 apply;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by law, I do hereby declare that Proclamations No. 174 of 1921 and No. 170 of 1922, as amended by Proclamations No. 217 of 1925 and No. 39 of 1942, are hereby further amended by the deletion of the word "Resident" wherever it occurs before the word "Magistrate" and the insertion of the following new section after section *three*:—

"3 *bis*. (1) The rights to occupy a kraal site may be cancelled by the magistrate and the site shall thereupon revert to commonage—

(*a*) upon surrender by the holder;
(*b*) upon the removal of the holder from the location;
(*c*) if without sufficient reason the holder of a kraal site shall have failed to occupy it for a period of one year;

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 2532.] [20 Oktober 1950.

Ingevolge artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927, word onderstaande Konsep-proklamasie vir algemene inligting gepubliseer.

KONSEP-PROKLAMASIE.

LOKASIEREGULASIES VIR SEKERE DISTRIKTE VAN DIE TRANSKEISE GEBIEDE.—VERDERE WYSIGING VAN PROKLAMASIES No. 174 VAN 1921 EN No. 170 VAN 1922.

Nademaal dit wenslik is om sekere bepalings betreffende die beheer van grond, wat in die onopgemete distrikte van die Transkeise gebiede in werking is, toe te pas op die distrikte waarop die bepalings van Proklamasies No. 174 van 1921 en No. 170 van 1922 van toepassing is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my by wet verleen, hierby verklaar dat Proklamasies No. 174 van 1921 en No. 170 van 1922, soos gewysig by Proklamasies No. 217 van 1925 en No. 39 van 1942, hierby verder gewysig word deur die woord „Resident" waar dit ook al voor die woord „Magistraat" voorkom te skrap en die volgende nuwe artikel ná artikel *drie* in te voeg:—

„3 *bis*. (1) Die regte om 'n kraal-terrein te okkupeer kan deur die magistraat ingetrek word en daarna val die terrein aan die gemeentegrond terug—

(*a*) by afstanddoening deur die houer;
(*b*) by die verwydering van die houer uit die lokasie;
(*c*) indien, sonder voldoende gronde, die houer van 'n kraal-terrein versuim het om so'n terrein vir 'n tydperk van een jaar te okkupeer;

(*d*) if the holder shall be more than two years in arrear with any payment of local tax, as imposed by Act No. 41 of 1925;

(*e*) upon a second or subsequent conviction within three years of the holder of the crime of theft of stock;

(*f*) if the kraal site is used for purposes other than those for which it was granted;

(*g*) if the kraal site has been granted in error or obtained by fraud or misrepresentation;

(*h*) if the kraal site falls within the scope of any irrigation scheme; provided that in any resettlement of the area in which the site is situate the holder shall have a preferential claim to a kraal site in place of the one thus cancelled.

(*i*) for administrative reasons or in the interests of public order or welfare.

(2) Upon the death of the holder of a kraal site his rights of occupation shall *ipso facto* be cancelled, but the widows and heirs of the deceased holder shall have a first claim for re-allotment of the land should the magistrate consider that they require the same.

(3) A holder of a kraal site temporarily absenting himself from a location may, with the permission of the magistrate, leave his site in charge of some person for a period not exceeding two years, which may be extended for a further period not exceeding two years. If a holder absents himself for more than one year without such permission or if, upon expiration of the authorised term, the holder shall not have returned to the location, he shall be deemed to have removed therefrom.

(4) In the cases provided for in paragraphs (*c*) to (*i*) inclusive of sub-section (1) cancellation shall not take place until the holder shall have been warned by notice at his last known place of residence in the district to appear before the magistrate to show cause why cancellation should not take place.

(5) Cancellation and reversion to commonage unless otherwise provided for in these regulations shall take effect from the date of entry of the same in the register mentioned in section *two*.

(6) A record shall be kept of the proceedings in all cases of dispute relating to possession of allotments and of cancellation of kraal sites under sub-section (1). Persons whose kraal sites have been cancelled by reason of removal shall have the right to appeal to the Chief Magistrate within thirty days after the decision of the magistrate and no cancellation order issued under paragraphs (*e*), (*f*), (*h*) and (*i*) of sub-section (1) shall become operative until approved by him. All such proceedings shall be in the nature of administrative action and shall not be subject to the rule governing judical procedure nor subject to appeal or review save as is herein provided.

(7) In any proceedings under this section the magistrate may summon any person whom he may deem necessary to appear before him at such proceedings and any person failing to obey such summons shall be guilty of an offence."

(*d*) indien die houer vir meer as twee jaar agterstallig is met die betaling van plaaslike belasting soos opgelê by Wet No. 41 van 1925;

(*e*) by 'n tweede of volgende veroordeling binne drie jaar, van die houer weëns die misdaad van veediefstal;

(*f*) indien die kraal-terrein gebruik word vir ander doeleindes as dié waarvoor dit toegeken is;

(*g*) indien die kraal-terrein foutief toegeken is of deur bedrog of wanvoorstelling verkry is;

(*h*) indien die kraal-terrein binne die bestek van 'n besproeiingskema val; met dien verstande dat indien daar weer nedersetters op die gebied, waarbinne die terrein geleë is, geplaas word, die houer voorkeurreg tot 'n kraal-terrein in die plek van dié een wat ingetrek is, sal geniet;

(*i*) om administratiewe redes of in belang van publieke orde of welsyn.

(2) By die dood van die houer van 'n kraal-terrein word sy regte van okkupasie *ipso facto* ingetrek, maar die weduwees en erfgename van die oorlede houer het die eerste aanspraak op hertoewysing van die grond, indien die magistraat van mening is dat hulle dit nodig het.

(3) 'n Perseelhouer wat tydelik van 'n lokasie afwesig is, kan met vergunning van die magistraat, sy terrein in die beheer laat van 'n ander persoon vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar wat vir 'n verdere tydperk van hoogstens twee jaar verleng kan word. Indien 'n houer sonder sodanige vergunning vir langer as een jaar afwesig is, of indien, na verstryking van die goedgekeurde termyn, die houer nie na die lokasie teruggekeer het nie, word hy geag daaruit te getrek het.

(4) In die gevalle waarvoor daar in paragrawe (*c*) tot en met (*i*) van subartikel (1) voorsiening gemaak is, vind intrekking nie plaas nie tensy die houer by kennisgewing by sy laaste bekende verblyfplek in die distrik, gewaarsku is om voor die magistraat te verskyn ten einde gronde aan te voer waarom intrekking nie moet plaasvind nie.

(5) Intrekking en terugvalling aan die gemeentegrond tree in werking vanaf die datum van aantekening daarvan in die register in artikel *twee* genoem, tensy anders in hierdie regulasies bepaal.

(6) Aantekening moet gehou word van die verrigtinge in alle gevalle van dispuut betreffende die besit van persele en van die intrekking van kraal-terreine kragtens subartikel (1). Persone wie se kraal-terreine weëns verwydering ingetrek is, het die reg om binne dertig dae ná die beslissing van die magistraat by die Hoofmagistraat appèl aan te teken en geen bevel tot intrekking uitgevaardig kragtens paragrawe (*e*), (*f*), (*h*) en (*i*) van subartikel (1) tree in werking alvorens dit deur hom goedgekeur is nie. Alle sodanige verrigtings moet deur middel van administratiewe optrede geskied en is nie onderworpe aan die reëls vir geregtelike prosedure nie en ook nie onderworpe aan appèl of hersiening nie, uitgesonderd soos hierin bepaal.

(7) In enige verrigtings kragtens hierdie artikel, kan die magistraat enige persoon, wat hy nodig mag ag, dagvaar om by sodanige verrigtings voor hom te verskyn en iemand wat in gebreke bly om so'n dagvaarding te gehoorsaam, is skuldig aan 'n misdryf."

✱ No. 2533.] [20 October 1950.

MARGATE MUNICIPALITY.—ESTABLISHMENT OF NATIVE LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart and laying out by the Town Council of Margate, as a location and native village, of a certain piece of land approximately 82 acres in extent and situate within the area under the control of the Town Council of Margate as shown on a plan filed in the office of the Secretary for Native Affairs and bounded as follows:—

Commencing at point A, a ¾-inch pipe near a corner post, an original farm beacon, where the remainder of the farm Grassflats No. 6920 joins Sub. 2 of portion Sub. Faerie Glen and the remainder of Mount Zion No. 2, No. 8145; thence in a northerly direction for a distance of approximately 2295 ft. to a point B, a ⅝-inch iron peg in a cairn of stones near a fence post, an original farm beacon; thence in an easterly direction for a distance of approximately 1858 ft. to a point C; thence in a south south-westerly direction for a distance of approximately 150 ft. to a point D; thence in an easterly direction for a distance of approximately 300 feet to a point E; thence in a south south-westerly direction for a distance of approximately 1505 feet to a point F; thence in a west south-westerly direction for a distance of approximately 1,390 feet to the point of commencement A.

✱ No. 2579.] [20 October 1950.

COMMISSION OF ENQUIRY INTO DISTURBANCES AT WITZIESHOEK.

It is notified for general information that the Commission of Enquiry appointed under Government Notice No. 2454, dated 6th October, 1950, to enquire into recent disturbances and unrest in the Witzieshoek Native Reserve will commence its sittings at Witzieshoek at 10 a.m. on Wednesday, the 1st November, 1950.

Interested persons who desire to make representations or to give evidence before the Commission should communicate with the Secretary of the Commission, c/o the Chief Native Commissioner, Potchefstroom.

DEPARTMENT OF LANDS.

✱ No. 2543.] [20 October 1950.

It is hereby notified for general information that as from the date mentioned in the fifth column of the Schedule hereunder, the Minister of Lands has, in accordance with the provisions of section 3 of the regulations published under Government Notice No. 53, dated 12th January, 1940, appointed the persons named in the second column of the Schedule hereto, as members of the Committee of Management for that portion of the Riversdale Settlement, Division of Riversdale, mentioned in the first column of the Schedule.

As from the date mentioned in the fifth column of the said Schedule the persons named in the third column thereof have, in accordance with section 3 of the aforementioned regulations, been elected to the said Committee of Management by the lessees and owners.

The Minister of Lands has, in accordance with section 11 (1) of the said regulations, appointed the person named in the fourth column of the said Schedule to be Chairman of the said Committee of Management.

✱ No. 2533.] [20 Oktober 1950.

MUNISIPALITEIT MARGATE.—STIGTING VAN NATURELLELOKASIE EN NATURELLEDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Stadsraad van Margate 'n sekere stuk grond ongeveer 82 acres groot en geleë in die regsgebied van die Stadsraad van Margate soos aangetoon op 'n plan wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word en begrens soos hieronder omskryf, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê:—

Begin by punt A, 'n ¾-duim-pyp naby 'n hoekpaal, 'n oorspronklike plaasbaken, waar die restant van die plaas Grassflats No. 6920 by Sub. 2 van gedeelte Sub. Faerie Glen en die restant van Mount Zion No. 2, No. 8145 aansluit; daarvandaan in 'n noordelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 2295 voet tot by 'n punt B, 'n ⅝-duim-ysterpen in 'n klipstapel naby 'n heiningpaal, 'n oorspronklike plaasbaken; daarvandaan in 'n oostelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 1,858 voet tot by 'n punt C; daarvandaan in 'n suid-suidwestelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 150 voet tot by 'n punt D; daarvandaan in 'n oostelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 300 voet tot by 'n punt E; daarvandaan in 'n suid-suidwestelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 1,505 voet tot by 'n punt F; daarvandaan in 'n wes-suidwestelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 1,390 voet tot by die beginpunt A.

✱ No. 2579.] [20 Oktober 1950.

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA ONLUSTE IN WITZIESHOEK.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Kommissie van Ondersoek wat by Goewermentskennisgewing No. 2454 van 6 Oktober 1950 aangestel is om ondersoek in te stel na die onlangse onluste in die Witzieshoek-naturellereserwe, sy sittings om 10 vm. op Woensdag, 1 November 1950, te Witzieshoek sal begin.

Belangstellendes wat vertoë wil rig of getuienis voor die Kommissie wil aflê, moet in verbinding tree met die Sekretaris van die Kommissie, p/a die Hoofnaturellekommissaris, Potchefstroom.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✱ No. 2543.] [20 Oktober 1950.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 53 van 12 Januarie 1940, die persone genoem in die tweede kolom van die Bylae hiervan, met ingang van die datum genoem in die vyfde kolom van gemelde Bylae, as lede van die Komitee van Beheer vir daardie gedeelte van die Riversdal-nedersetting, afdeling Riversdal, gemeld in die eerste kolom van die Bylae, aangestel het.

Die persone genoem in die derde kolom van genoemde Bylae, is met ingang van die datum gemeld in die vyfde kolom daarvan, ooreenkomstig artikel 3 van voornoemde regulasies deur die huurders en eienaars tot lede van gemelde Komitee van Beheer gekies.

Die Minister van Lande het ooreenkomstig artikel 11 (1) van genoemde regulasies, die persoon in die vierde kolom van gemelde Bylae genoem, as voorsitter van die Komitee van Beheer aangestel.

SCHEDULE—*BYLAE.*

1.	2.	3.	4.	5.
Novo.....	Cornelis Jacobus von Molendorff (C. Seun)	Louis Jacobus Janse van Rensburg	Cornelis Jacobus von Molendorff (C. Seun)	1/9/50
	Jacobus Albertus Janse van Rensburg	Hans Jurie Griessel.....	—	—
	Andries Lodewikus Cronje.....	—	—	—

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 2297.] [22 September 1950.

PROPOSED DEMARCATION OF SUB-RESERVE (*d*), LOT 3 ADJOINING OLYVENHOUTKRAAL, OF RESERVE No. XV, KARATARA FOREST RESERVE, DIVISION OF KNYSNA.

In terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, it is hereby notified for general information that it is the intention of the Minister of Forestry to declare the undemarcated forest land described in the Schedule hereto, and situated in the Division of Knysna, Cape Province, to be demarcated forest. A copy of a report on the area, certified by the Surveyor-General, Cape Town, with the diagram attached thereto, has been deposited and is available for insepction, free of charge, during office hours at the office of the Magistrate, Knysna.

SCHEDULE.

Reserve No.	Name of Reserve.	Extent.	
		Morgen.	Sq. Rds.
XV	Karatara Forest Reserve:— Sub-reserve (*d*), Lot No. 3, adjoining Olyvenhoutkraal.....	20	054

DEPARTMENT OF JUSTICE

† No. 2429.] [6 October 1950.

AMENDMENTS TO THE REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN POLICE.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by section *ten* of the Police Act, 1912 (Act No. 14 of 1912), to approve of the following amendments to the Regulations for the South African Police, promulgated under Government Notice No. 790 of 1932, as amended:—

Regulation 3.—Delete the whole of the *proviso* at the end of the paragraph.

Regulation 9.—Delete from the word "or" in the fifth line to the end of the paragraph and substitute a full-stop for the comma after the word "thumb" in line five.

Regulation 21 (6).—Substitute "sub-section" for "sub-sections" in the fifth line and delete "and (3)" in the same line.

Regulation 21.—Renumber existing paragraphs (4) to (15) to read (3) to (14).

Regulation 61.—Renumber to read 52.

Regulation 62 (1)-(7).—Renumber to read 61 (1)-(7).

Regulation 62 (8).—Renumber to read 62.

† Republished as amended.

✱ No. 2544.] [20 October 1950.

SOUTH AFRICAN POLICE.—RETIREMENT OF OFFICER.

It is hereby notified for general information that the undermentioned officer in the South African Police was retired as medically unfit with effect from the 12th September, 1950.

In terms of South African Police Regulation 3 (7), he has been granted permission to retain his rank on retirement.

Sub-Inspector Andries Daniel Jacobus Deetlefs.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 2297.] [22 September 1950.

VOORGENOME DEMARKASIE VAN SUBRESERWE (*d*), PERSEEL 3, GRENSENDE AAN OLYVENHOUTKRAAL, VAN RESERWE No. XV, KARATARA-BOSRESERWE, AFDELING KNYSNA.

Ooreenkomstig artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bosbou voornemens is om die ongedemarkeerde bosgrond wat in die Bylae hiervan beskryf word en in die afdeling Knysna, Kaapprovinsie, geleë is, tot 'n gedemarkeerde bos te verklaar. 'n Afskrif van 'n verslag oor die terrein, gesertifiseer deur die Landmeter-generaal, Kaapstad, en met die kaart daaraan geheg, is by die kantoor van die Magistraat, Knysna, ingedien en is gedurende kantoorure sonder betaling ter insage beskikbaar.

BYLAE.

Reserwe No.	Naam van Reserwe.	Grootte.	
		Morg.	Vk. rde.
XV	Karatara-bosreserwe:— Subreserwe (*d*), Perseel No. 3, grensende aan Olyvenhoutkraal	20	054

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

† No. 2429.] [6 Oktober 1950.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien* van die Politiewet, 1912 (Wet No. 14 van 1912), die volgende wysigings van die Suid-Afrikaanse Polisieregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 790 van 1932, soos gewysig, goed te keur:—

Regulasie 3.—Skrap die *voorbehoudsbepaling* aan die end van die paragraaf in sy geheel.

Regulasie 9.—Skrap die woorde van „of" in die vyfde reël tot en met inbegrip van „duimafdruk" in die sesde reël.

Regulasie 21 (6).—Vervang „sub-artikels" in die sesde reël deur „subartikel" en skrap „en (3)" in dieselfde reël.

Regulasie 21.—Hernommer die bestaande paragrawe (4) tot (15) sodat hulle (3) tot (14) word.

Regulasie 61.—Dit moet nommer 52 word.

Regulasie 62 (1)-(7).—Hernommer sodat dit 61 (1)-(7) word.

Regulasie 62 (8).—Hernommer sodat dit 62 word

† Herpubliseer soos gewysig.

✱ No. 2544.] [20 Oktober 1950.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE.—AFTREDING VAN OFFISIER.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat ondervermelde offisier van die Suid-Afrikaanse Polisie met ingang van 12 September 1950 om gesondheidsredes afgetree het.

Ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Polisieregulasie 3 (7) is toestemming aan hom verleen om sy rang by aftreding te behou:—

Onderinspekteur Andries Daniel Jacobus Deetlefs.

✱ No. 2545.] [20 October 1950.

SOUTH AFRICAN POLICE.—RETIREMENT OF OFFICER.

It is hereby notified for general information that the undermentioned officer in the South African Police has been retired upon superannuation with effect from the 21st October, 1950, and, in terms of South African Police Regulation 3 (7) (*d*) he has been granted the rank of Deputy Commissioner on retirement:—

Chief Inspector Ignatius Petrus Jonker.

✱ No. 2546.] [20 October 1950.

SOUTH AFRICAN POLICE.—PROMOTION.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of section *five* of Act No. 14 of 1912, the undermentioned appointments in the South African Police with effect from the 1st October, 1950:—

As Chief Deputy Commissioner.

Deputy Commissioner Johannes Andreas Brink.
Deputy Commissioner Christiaan Jacobus Serfontein.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

† No. 2453.] [6 October 1950.

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH WEST AFRICA.

His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *four* of Act No. 22 of 1916, to approve of regulations 107 and 110 of the Regulations for the Harbours of the Union of South Africa and of South West Africa being amended to read as follows:—

REGULATION 107: CLEARING OF CARGO—LATE ORDERS.

(1) Save as is provided in paragraph (2), all cargo shall be cleared and the delivery, forwarding, transhipping or warehousing orders duly passed by the Customs shall be presented at the place appointed for acceptance of such orders within twenty-four consecutive hours of notice having been given and posted in the Administration's offices that the ship concerned has arrived, otherwise extra charges as specified in paragraph (3) will be payable to the Administration for late orders. In reckoning such consecutive hours, Sundays and public holidays shall not be included.

(2) In the case of ships coming direct to a harbour from beyond the Union and bringing their own shipping documents which could not have been received at the harbour at an earlier time by any other reasonable means, the time within which the delivery, forwarding, transhipping or warehousing orders will be received without payment of the extra charges specified in paragraph (3) for late orders will be forty-eight consecutive hours of notice having been given and posted in the Administration's offices that the ship concerned has arrived. In reckoning such consecutive hours, Sundays and public holidays shall not be included.

(3) If the requirements as prescribed in paragraphs (1) and (2) are not complied with, the consignee shall pay to the Administration a sum of fivepence per ton or part thereof in respect of his goods as the same are cleared; provided, however, that this provision shall not apply to whole cargoes for one consignee, which may be cleared in such quantities as may suit his convenience; and provided further that the delivery, forwarding, transhipping or warehousing orders for such quantities are handed in before the cargo to which they refer is landed.

✱ No. 2545.] [20 Oktober 1950.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE.—AFTREDING VAN OFFISIER.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat ondervermelde offisier van die Suid-Afrikaanse Polisie met ingang van 21 Oktober 1950, met pensioen afgetree het en die rang van Adjunk-kommissaris ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Polisieregulasie 3 (7) (*d*) by uittreding aan hom toegeken is:—

Hoofinspekteur Ignatius Petrus Jonker.

✱ No. 2546.] [20 Oktober 1950.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE.—BEVORDERING.

Dit het Sy Ekselliensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *vyf* van Wet No. 14 van 1912, ondervermelde aanstellings in die Suid-Afrikaanse Polisie met ingang van 1 Oktober 1950 goed te keur:—

As Hoofadjunk-kommissaris.

Adjunk-kommissaris Johannes Andreas Brink.
Adjunk-kommissaris Christiaan Jacobus Serfontein.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEE, HAWENS EN LUGDIENS.

† No. 2453.] [6 Oktober 1950.

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *vier* van Wet No. 22 van 1916, sy goedkeuring te heg aan die wysiging van regulasies 107 en 110 van die Regulasies van die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika sodat dit as volg lui:—

REGULASIE 107: INKLARING VAN SKEEPSVRAG—LAAT ORDERS.

(1) Behoudens die bepalings van paragraaf (2) moet alle skeepslading ingeklaar en die aflewerings-, afsendings-, oorlaai- of pakhuisorders, behoorlik deur die Doeanedepartement goedgekeur, binne vier-en-twintig agtereenvolgende ure nadat kennisgewing gegee en in die Administrasie se kantore vertoon is dat die betrokke skip aangekom het, op die aangewese plek vir die aanname van sodanige orders aangebied word, anders moet ekstra koste, soos uiteengesit in paragraaf (3), aan die Administrasie vir laat orders betaal word. By die berekening van sodanige agtereenvolgende ure moet Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit word.

(2) In die geval van skepe wat regstreeks van buite die Unie na 'n hawe kom en hulle eie verskepingsdokumente wat nie op 'n ander redelike manier vroeër in die hawe ontvang kon word nie, meebring, is die tyd waarin die aflewerings-, afsendings-, oorlaai- of pakhuisorders sonder betaling van die ekstra koste uiteengesit in paragraaf (3), vir laat orders ontvang sal word, agt-en-veertig agtereenvolgende ure nadat kennisgewing gegee en in die Administrasie se kantore vertoon is dat die betrokke skip aangekom het. By die berekening van sodanige agtereenvolgende ure moet Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit word.

(3) As daar nie aan die voorgeskrewe vereistes van paragrawe (1) en (2) voldoen word nie, moet die geadresseerde 'n bedrag van vyf pennies per ton of gedeelte daarvan, aan die Administrasie betaal ten opsigte van sy goedere na gelang dit ingeklaar word, op voorwaarde egter dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op volledige skeepsladings vir een geadresseerde, wat in sodanige hoeveelhede as vir hom geleë is, ingeklaar kan word; en op voorwaarde verder dat die aflewerings-, afsendings-, oorlaai- of pakhuisorders vir sodanige hoeveelhede voor lossing van die vrag waarop hulle betrekking het, ingelewer word.

REGULATION 110: INCORRECT WEIGHTS.

Should either weight or measurement appear to be incorrectly stated on an order or warrant, the Administration may test the same, and if found inaccurate the cost of weighing or measuring, or both, with a minimum charge of three shillings and sevenpence must be paid by the consignee or shipper, as the case may be, in addition to any penalty to which he may be liable.

† Republished as amended.

✱ No. 2537.] [20 October 1950.

AMENDMENT OF GENERAL RAILWAY REGULATIONS.

His Excellency the Officer Administering the Government has, by virtue of section *four* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act (No. 22 of 1916), been pleased to approve the amendment of General Railway Regulation No. 65 (*b*) as follows:—

Add the following to the list of articles shown under the third scale:—

(3) "stained glass" after the words "Plate glass".

"(5) Platinum (manufactured or unmanufactured), radium and other precious metals."

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 2566.] [20 October 1950.

NEWCASTLE DISEASE.—INOCULATION OF POULTRY, NATAL AND TRANSVAAL.

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by paragraph (*e*) of section *sixteen* of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended, ordered as follows:—

1. Every owner of poultry or person in charge of poultry in the Provinces of Natal and Transvaal shall inoculate each head of such poultry once during its lifetime with a Newcastle Disease Live Virus Vaccine approved by a Government Veterinary Officer, or with such other vaccine as may be approved by the Principal Veterinary Officer, at such time during such period as may be fixed by a Government Veterinary Officer.

2. For the purposes of this order "poultry" shall mean domestic ducks, domestic fowls, domestic geese, domestic guineafowls, domestic peafowls, domestic turkeys and the young over one month old of all such poultry.

3. The orders promulgated by Government Notices Nos. 1564, 1893 and 2072 of 1950 are hereby repealed.

NOTE.—Inoculation may be undertaken voluntarily when an approved vaccine is made available. It becomes compulsory when the time therefor is fixed by a Government Veterinary Officer.

✱ No. 2568.] [20 October 1950.

RESTRICTIONS.—RABIES, MOVEMENT OF DOGS.

It is hereby notified for general information that under the powers vested in him by paragraph (*a*) of section *sixteen* of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended, the Minister of Agriculture has ordered as follows:—

1. No person shall move, or cause or permit to be moved, any dogs out of, into, through or from one place to another place within the area defined in the Schedule hereto except under the authority of a written permit issued by a Government Veterinary Officer, or otherwise than in accordance with the conditions specified in such permit.

REGULASIE 110: VERKEERDE GEWIGTE.

Ingeval dit blyk dat die gewig of afmeting verkeerd verklaar is op 'n afsendings- of afleweringsorder, kan die Administrasie dit laat toe's en as dit verkeerd is, moet die weeg- of meetkoste, of albei, met 'n minimum koste van drie sjielings en sewe pennies deur die geadresseerde of verskeper, na gelang van die geval, bo en behalwe die boete waarmee hy strafbaar is, betaal word.

† Herpubliseer soos gewysig.

✱ No. 2537.] [20 Oktober 1950.

WYSIGING IN ALGEMENE SPOORWEG-REGULASIES.

Dit het sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens artikel *vier* van die Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet (No. 22 van 1916), goedkeuring te verleen aan die wysiging van Algemene Spoorwegregulasie No. 65 (*b*), soos volg:—

Voeg die volgende toe aan lys van goedere wat onder die derde skaal verskyn:—

(3) „gekleurde glas" na die woord „Spieëlglas".

„(5) Platina (verwerk of onverwerk), radium en ander edele metale."

DEPARTEMENT VAN LANDBOU

✱ No. 2566.] [20 Oktober 1950.

NEWCASTLE-SIEKTE.—INENTING VAN PLUIMVEE, NATAL EN TRANSVAAL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (*e*) van artikel *sestien* van die Veeziekten Wet, 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, as volg beveel het:—

1. Alle eienaars van pluimvee, of persone wat toesig hou oor pluimvee, in die Provinsies Natal en Transvaal, moet sulke pluimvee eenkeer in hulle leeftyd met 'n lewendige virus-entstof teen Newcastlesiekte deur 'n Staatsveearts goedgekeur, inent, of met 'n ander entstof wat die Hoofveearts goedkeur, op sodanige tyd gedurende sodanige tydperk as wat 'n Staatsveearts vasstel.

2. Vir die toepassing van hierdie bevel beteken „pluimvee" mak eende, mak hoenders, mak ganse, mak tarentale, mak poue, mak kalkoene en die kleintjies van hierdie pluimvee wat ouer as een maand is.

3. Die bevele uitgevaardig by Goewermentskennisgewins Nos. 1564, 1893 en 2072 van 1950 word hierby herroep.

NOTA.—Inenting kan vrywillig geskied wanneer 'n goedgekeurde entstof beskikbaar gestel word, maar word verpligtend sodra die tyd daarvoor deur 'n Staatsveearts vasgestel word.

✱ No. 2568.] [20 Oktober 1950.

BEPERKINGS.—HONDSDOLHEID, VERVOER VAN HONDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (*a*) van artikel *sestien* van die „Veeziekten Wet", 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, as volg beveel het:—

1. Niemand mag 'n hond vervoer, laat vervoer, of toelaat om vervoer te word uit, na, deur of van een plek na 'n ander plek binne die gebied wat in die Bylae hierna omskryf word nie, behalwe op gesag van 'n skriftelike permit uitgereik deur 'n Staatsveearts, of anders as in ooreenstemming met die voorwaardes deur sodanige permit gestel.

2. For the purposes of the order specified in paragraph 1 hereof " place " shall mean a farm or a subdivision of a farm, or that portion of a farm or subdivision of a farm to which dogs have been confined by a Government Veterinary Officer.

SCHEDULE.

(*a*) That portion of the Magisterial District of Zoutpansberg comprised within the following boundaries:—

Beginning at the southern beacon of the farm Hoogmoed No. 767 on the Zoutpansberg-Letaba Magisterial District boundary; thence generally northwards along the western boundaries of the following farms so as to include them in the area: Hoogmoed No. 767, Onverwacht No. 766, Naboomkop No. 108, Verzameling van Waters No. 119, Laatsgevonden No. 74, Goedverwachting No. 111, Tsakoma No. 31, Lomondo's Location No. 462; thence generally westwards along the southern boundaries of the following farms so as to include them in the area Mandole No. 288, Khalavha, Chewas No. 435, Native Crown Lands, Sendedzane No. 1325, Beaconsfield No. 431, Deepkloof No. 423, Cliffside No. 418, Mapela No. 420, Setoomi No. 419, Serolle No. 399, Drylands No. 398, Mapani No. 397, Paradise No. 384, Parkfield No. 383, Delamere No. 485, Kidsgrove No. 481, Davenham No. 480, Twemlow No. 489, Aintree No. 490, Rushton No. 471, Hulme No. 470, Andover No. 306, Goodnestone No. 302, Wingham No. 301, Crimea No. 126, Robertson No. 128, George No. 137, Glasgow No. 140, Carnarvon No. 127, Portland No. 144, Bluebell No. 152, Christiana No. 151, Constance No. 169, Amatola No. 177, Smithfield No. 179, Trekpad No. 220, Kalkheuvel No. 191, Witfontein No. 205, Randolph No. 209, to the south-west beacon of the last-named farm; thence generally northwards along the Zoutpansberg Magisterial District boundary to the south-eastern beacon of the farm Woolwich No. 934, thence generally westwards, northwards, eastwards, southwards and westwards along the Zoutpansberg Magisterial District boundary to the southern beacon of the farm Hoogmoed No. 767, the point of beginning.

(*b*) That portion of the Magisterial District of Pietersburg comprised within the following boundaries:—

Beginning at the south-eastern beacon of the farm Fraaifontein No. 938 on the Zoutpansberg-Pietersburg Magisterial District boundary; thence generally westwards and southwards along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Fraaifontein No. 938, Aufderhaard No. 1129, Devon No. 1123, Monplaisier No. 1122, The Glade No. 1076, Dantzig No. 1074, Inveraan No. 1073, Bognafuran No. 1070, Udney No. 1069, Miltonduff No. 1062, Lomondside No. 1063, Langbryde No. 1064, Too Late No. 1015, Mill Stream No. 995, Ketting No. 994, Cracouw No. 993 to the south-west beacon of the lastnamed farm; thence generally north-westwards, northwards, eastwards and southwards along the Pietersburg Magisterial District boundary to the south-eastern beacon of the farm Fraaifontein No. 938, the point of beginning.

(*c*) That portion of the Magisterial District of Potgietersrust comprised within the following boundaries:—

Beginning at the north-eastern beacon of the farm Platteklip No. 985 on the Pietersburg-Potgietersrust Magisterial District boundary; thence generally south-westwards and westwards along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Platteklip No. 985, De Draai No. 712, Groot Bosch No. 711, Steil water No. 710, Steilloop No. 663, Elandsbosch No. 658, Vergenoegd No. 689, Grasvley No. 688, Schoonhoven No. 685, Welgevonden No. 571, Gouda No. 881, Grootpan No. 70, Lager Plaats No. 599, Goedbevonden No. 569,

2. Vir die doel van die bevel in paragraaf 1 hiervan uiteengesit beteken „ plek " 'n plaas of onderdeel van 'n plaas, of die gedeelte of onderdeel van 'n plaas waartoe honde deur 'n Staatsveearts beperk is.

BYLAE.

(*a*) Die gedeelte van die magistraatsdistrik Zoutpansberg bestaande uit die gebied binne die volgende grense:—

Van die suidelike baken van die plaas Hoogmoed No. 767 op die magistraatsdistriksgrens tussen Zoutpansberg en Letaba en dan in 'n algemene noordelike rigting langs die westelike grense van die volgende plase sodat hulle in die gebied ingesluit word: Hoogmoed No. 767, Onverwacht No. 766, Naboomkop No. 108, Verzameling van Waters No. 119, Laatsgevonden No. 74, Goedverwachting No. 111, Tsakoma No. 31, Lomondo-lokasie No. 462; dan in 'n algemene westelike rigting langs die suidelike grense van die volgende plase sodat hulle in die gebied ingesluit word: Mondale No. 288, Khalavha, Chewas No. 435, Naturelle-kroongrond, Sendedzane No. 1325, Beaconsfield No. 431, Deepkloof No. 423, Cliffside No. 418, Mapela No. 420, Setoomi No. 419, Serolle No. 399, Drylands No. 398, Mapani No. 397, Paradise No. 384, Parkfield No. 383, Delamere No. 485, Kidsgrove No. 481, Davenham No. 480, Twemlow No. 489, Aintree No. 490, Rushton No. 471, Hulme No. 470, Andover No. 306, Goodnestone No. 302, Wingham No. 301, Crimea No. 126, Robertson No. 128, George No. 137, Glasgow No. 140, Carnarvon No. 127, Portland No. 144, Bluebell No. 152, Christiana No. 151, Constance No. 169, Amatola No. 177, Smithfield No. 179, Trekpad No. 220, Kalkheuwel No. 191, Witfontein No. 205, Randolph No. 209, tot die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; dan in 'n algemene noordelike rigting langs die Zoutpansberg-magistraatsdistriksgrens na die suidoostelike baken van die plaas Woolwich No. 934, daarvandaan in 'n algemene westelike noordelike, oostelike, suidelike en westelike rigting langs die Zoutpansberg-magistraatsdistriksgrens na die suidelike baken van die plaas Hoogmoed No. 767, die beginpunt.

(*b*) Die gedeelte van die magistraatsdistrik Pietersburg bestaande uit die gebied binne die volgende grense:—

Van die suidoostelike baken van die plaas Fraaifontein No. 938 op die magistraatsdistriksgrens tussen Zoutpansberg en Pietersburg en daarvandaan in 'n algemene westelike en suidelike rigting langs die grense van die volgende plase sodat hulle in die gebied ingesluit word: Fraaifontein No. 938, Aufderhaard No. 1129, Devon No. 1123, Monplaisier No. 1122, The Glade No. 1076, Dantzig No. 1074, Inveraan No. 1073, Bognafuran No. 1070, Udney No. 1069, Miltonduff No. 1062, Lomondside No. 1063, Langbryde No. 1064, Too Late No. 1015, Mill Stream No. 995, Ketting No. 944, Cracouw No. 993 na die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemene noordwestelike, noordelike, oostelike en suidelike rigting langs die Pietersburg-magistraatsdistriksgrens na die suidoostelike baken van die plaas Fraaifontein No. 938, die beginpunt.

(*c*) Die gedeelte van die magistraatsdistrik Potgietersrust bestaande uit die gebied binne die volgende grense:—

Van die noordoostelike baken van die plaas Platteklip No. 985 op die magistraatsdistriksgrens tussen Pietersburg en Potgietersrust, daarvandaan in 'n algemene suidwestelike en westelike rigting langs die grense van die volgende plase sodat hulle in die gebied ingesluit word: Platteklip No. 985, De Draai No. 712, Groot Bosch No. 711, Steilwater No. 710, Steilloop No. 663, Elandsbosch No. 658, Vergenoegd No. 689, Grasvley No. 688, Schoonhoven No. 685, Welgevonden No. 571, Gouda No. 881 Grootpan No. 70, Lager Plaats No. 599, Goedbevonden

Klipput No. 561, Sterkfontein (now Thorneythirst) No. 950, Grobbelaars Hoek No. 765, Diepspruit No. 784, Groenfontein No. 781, to the south-western beacon of the last-named farm; thence generally north-westwards, northwards, eastwards and southwards along the Potgietersrust Magisterial District boundary to the north-eastern beacon of the farm Platteklip No. 985, the place of beginning.

NOTE.—The attention of persons concerned is invited to the terms of the Rabies regulations published under Government Notice No. 123 of the 1st February, 1935, as amended by Government Notice No. 1910 of the 18th December, 1936, and to the terms of section *sixteen* (*c*) of Act No. 14 of 1911 regarding the destruction without compensation of dogs moved in contravention of the Act or the regulations.

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE.

✱ No. 2534.] [20 October 1950.

MUNICIPALITY OF KROONSTAD.

BY-LAWS RELATING TO STREET TRADING MADE BY THE COUNCIL OF THE MUNICIPALITY, KROONSTAD, UNDER THE AUTHORITY OF SECTION *TWENTY* (1) OF THE CHILDREN'S ACT, No. 31 OF 1937, AND APPROVED OF BY THE MINISTER OF SOCIAL WELFARE IN TERMS OF SECTION *TWENTY* (2) OF ACT No. 31 OF 1937.

DEFINITIONS.

1. (*a*) "Registering officer" shall mean the person appointed by the Council of the Municipality of Kroonstad to exercise the powers and perform the duties assigned to registering officers by these by-laws.

(*b*) "Badge" shall mean and consist of a small oval metal plate, yellow in colour and bear in black the letters "K.M." together with a number.

2. No boy under the age of twelve years and no girl under the age of fourteen shall engage in or be employed in street trading within the area of the jurisdiction of the Municipality of Kroonstad.

3. No boy over the age of twelve years and under the age of sixteen years and no girl over the age of fourteen and under the age of sixteen shall engage in or be employed in street trading on Sundays or Christmas Day and Good Friday. No such boy or girl shall be engaged or employed in street trading before 6 a.m. of after 6 p.m. or during the hours on which he or she is lawfully required to attend school, such period to include an hour before school re-opens each day.

4. No child under the age of sixteen years shall engage in or be employed in street trading, unless such child has first obtained the written consent of his parent, guardian or custodian and has made application to the registering officer on the form "A" in the Schedule to these by-laws and has received a certificate on the form "B" in the Schedule to these by-laws under the hand of the registering officer and a badge in the prescribed form. Such certificate shall be valid for twelve months and shall be renewed annually, during the first fortnight of February in each and every year. An application for renewal shall contain the same particulars enumerated in form "A" as are required in a first application. Such certificate and any renewal thereof shall be issued only on payment of a deposit of 1s. which only the licensee may recover on surrendering the badge and certificate.

Certificates and badges issued under this by-law shall not be transferable.

No. 569, Klipput No. 561, Sterkfontein (tans Thorneythirst) No. 950, Grobbelaars Hoek No. 765, Diepspruit No. 784, Groenfontein No. 781, tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemene noordwestelike, noordelike, oostelike en suidelike rigting langs die magistraatsdistriksgrens van Potgietersrust na die noordoostelike baken van die plaas Platteklip No. 985, die beginpunt.

NOTA.—Die aandag van belanghebbendes word gevestig op die Regulasies in verband met Hondsdolheid, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 123 van 1 Februarie 1935, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 1910 van 18 Desember 1936, asook op die bepalings van artikel *sestien* (*c*) van Wet No. 14 van 1911, betreffende die afmaking sonder vergoeding van honde wat teenstrydig met die Wet of Regulasies vervoer word.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN.

✱ No. 2534.] [20 Oktober 1950.

MUNISIPALITEIT KROONSTAD.

VERORDENINGE MET BETREKKING TOT STRAATHANDEL DEUR KINDERS DEUR DIE RAAD VAN DIE MUNISIPALITEIT KROONSTAD UITGEVAARDIG KRAGTENS ARTIKEL *TWINTIG* (1) VAN DIE KINDERWET, No. 31 VAN 1937, EN DEUR DIE MINISTER VAN VOLKSWELSYN KRAGTENS ARTIKEL *TWINTIG* (2) VAN WET No. 31 VAN 1937 GOEDGEKEUR.

WOORDOMSKRYWING.

1. (*a*) „Registrasiebeampte" beteken die persoon wat deur die Stadsraad van die Munisipaliteit Kroonstad aangestel is om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte na te kom wat by hierdie verordeninge aan registrasiebeamptes toegewys word.

(*b*) „Kenteken" beteken en bestaan uit 'n klein ovaal metaalplaat, geel van kleur, waarop die letters „K.M." tesame met 'n nommer in swart voorkom.

2. Geen seun onder die ouderdom van twaalf jaar en geen meisie onder die ouderdom van veertien jaar mag op straat handel dryf of in verband met straathandel binne die regsgebied van die munisipaliteit Kroonstad in diens geneem word nie.

3. Geen seun bo die ouderdom van twaalf jaar en onder die ouderdom van sestien jaar, en geen meisie bo die ouderdom van veertien jaar en onder die ouderdom van sestien jaar mag op Sondae, Kersfeesdag en Goeie Vrydag op straat handel dryf of in verband met straathandel in diens geneem word nie. Geen sodanige seun of meisie mag voor 6 vm. of na 6 nm. of gedurende die ure waarin hy of sy wettig verplig is om die skool by te woon, met inbegrip van een uur voordat die skool elke dag begin, op straat handel dryf of in verband met straathandel in diens geneem word nie.

4. Geen kind onder die ouderdom van sestien jaar mag op straat handel dryf of in verband daarmee in diens geneem word nie, tensy dié kind eers die skriftelike toestemming van sy ouer, voog of bewaarder verkry het, en op vorm „A" in die Bylae van hierdie verordeninge by die registrasiebeampte aansoek gedoen het, en 'n sertifikaat op vorm „B" in die Bylae van hierdie verordeninge deur die registrasiebeampte onderteken, en 'n kenteken in die voorgeskrewe vorm, ontvang het. So'n sertifikaat is vir twaalf maande geldig en moet jaarliks gedurende die eerste veertien dae van Februarie van elke jaar hernu word. 'n Aansoek om hernuwing moet dieselfde besonderhede soos by 'n eerste aansoek vereis en in vorm „A" opgenoem, bevat. Die sertifikaat en hernuwing daarvan word slegs uitgereik teen betaling van 'n deposito van 1s. wat alleen die lisensiehouer kan terugvorder wanneer hy die kenteken en sertifikaat terugbesorg. Sertifikate en kentekens wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik is, is nie oordraagbaar nie.

5. A Commissioner of Child Welfare upon the application of a probation officer, police officer of or above the rank of sergeant, any organisation engaged in child welfare work or inspector appointed in terms of by-law 6, or a principal of any Government school or any interested person, may, after consultation with the registering officer, cancel or suspend such certificate, if such is considered desirable in the interests of the child.

6. The Minister of Social Welfare may appoint inspectors (who may or may not be members of the Public Service) to ensure that the provisions of these by-laws are complied with.

7. With every certificate issued under these by-laws, there shall be issued a badge in the prescribed form. Such badge shall be worn in a conspicuous place on the clothing of the holder of the certificate while engaged in or employed in street trading.

8. Whenever a certificate has expired or is suspended or cancelled, the certificate, together with the accompanying badge, shall be surrendered to the registering officer, whereupon the deposit of 1s. will be refunded.

9. The registering officer shall, immediately upon issuing a certificate and its corresponding badge, notify the Local Social Services Exchange (if any), the Secretary of the Juvenile Affairs Board, the Local Child Welfare Society and, where the holder attends a school, the principal of that school of such issue and the particulars thereof.

10. In the absence of a birth certificate to establish the age of the applicant, such age shall be estimated in accordance with the procedure laid down in section *eighty-one* of the Children's Act, No. 31 of 1937.

11. Any expression used in these by-laws shall bear the same meaning as is given to such expression by the Children's Act, No. 31 of 1937.

SCHEDULE.

"A".

MUNICIPALITY OF KROONSTAD.

FORM OF APPLICATION FOR REGISTRATION TO ENGAGE IN STREET TRADING.

APPLICATION.

Name of applicant.....
Address.....

Date of birth (according to baptismal or birth certificate/as estimated in terms of section *eighty-one* of Act No. 31 of 1937).....
Race..... Sex.....
Name of school.....
Standard passed.....
Name(s) of parents or guardian.....
.....
Address.....
Occupation.....
Type of street trading in which applicant intends to engage
.....
.....
Name(s) and addres(ses) of employers, if any, on whose whose behalf applicant expects to engage in street trading.....
.....
.....
Applicant.

Place.....
Date.....

5. Indien daartoe versoek deur 'n proefbeampte, polisiebeampte met sersantsrang of 'n hoër rang, enige organisasie belas met kindersorgwerk, of 'n inspekteur kragtens verordening 6 aangestel, of die hoofonderwyser van 'n Goewermentskool, of enige belanghebbende persoon, kan 'n kommissaris van kindersorg, na beraadslaging met die registrasiebeampte, so'n sertifikaat intrek of opskort as dit in die belang van die kind wenslik geag word dat so'n sertifikaat opgeskort of ingetrek moet word.

6. Om te verseker dat aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen word, kan die Minister van Volkswelsyn inspekteurs aanstel, wat lede van die Staatsdiens kan wees.

7. 'n Kenteken, in die voorgeskrewe vorm, moet uitgereik word met elke sertifikaat wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik word. So'n kenteken moet op 'n plek aan die klere van 'n lisensiehouer gedra word waar dit duidelik sigbaar is, wanneer hy op straat handel dryf of in verband daarmee in diens is.

8. Wanneer 'n sertifikaat verstryk, opgeskort of ingetrek word, moet die sertifikaat, saam met die meegaande kenteken, aan die registrasiebeampte oorhandig word. Die deposito van 1s. sal dan terugbetaal word.

9. Die registrasiebeampte moet onmiddellik na die uitreiking van die sertifikaat en die meegaande kenteken, die Plaaslike Maatskaplike Diensburo (as daar een is), die Sekretaris van die Jeugraad, die plaaslike Kindersorgvereniging, en, indien die houer van die sertifikaat 'n skool bywoon, die hoofonderwyser van die skool, van dié uitreiking en die besonderhede daarvan in kennis stel.

10. By ontstentenis van 'n geboortesertifikaat om die ouderdom van 'n applikant vas te stel, moet die ouderdom geskat word ooreenkomstig die prosedure voorgeskryf in artikel *een-en-tagtig* van die Kinderwet, No. 31 van 1937.

11. Enige uitdrukking wat in hierdie verordeninge gebesig word, het dieselfde betekenis as dié wat in die Kinderwet, No. 31 van 1937, daaraan geheg word.

BYLAE.

„A".

MUNISIPALITEIT KROONSTAD.

VORM VAN AANSOEK OM REGISTRASIE OM STRAATHANDEL TE DRYF.

AANSOEK.

Naam van applikant.....
Adres.....

Geboortedatum (volgens doopseel of geboortesertifikaat/soos kragtens artikel *een-en-tagtig* van Wet No. 31 van 1937 geskat).....
Ras..... Geslag.....
Naam van skool.....
Standerd waarin geslaag.....
Naam (name) van ouers of voog.....
.....
Adres.....
Beroep.....
Soort straathandel wat applikant voornemens is om te dryf
.....
.....
Naam/name en adres(se) van werkgewers, as daar is, ten behoewe van wie applikant voornemens is om straathandel te dryf.....
.....
.....
Applikant.

Plek.....
Datum.....

PARENT'S OF GUARDIAN'S OF CUSTODIAN'S CONSENT.

I, ..., residing at .....
being the parent/guardian/custodian of the child.....
.....
do hereby consent to the said.....
engaging or being employed in street trading in accordance with the by-laws of the Municipality of.....

.....
Signature of Parent/Guardian/Custodian.

Signed before me at.....on the .....day of....., 19....., by the said.....who declared himself to know and understand the tenor and effect thereof.

.....
Registering Officer.

I have to-day examined applicant and hereby certify that he is not likely to incur any detriment to his physical or mental health by engaging in street trading.....
.....
.....
.....

.....
Medical Officer of Health/District Surgeon/Medical Practitioner.

Place.....
Date.....

I, ..., Principal at ..... School, hereby certify that applicant is a scholar at the aforementioned school, that he is not retarded at school and that the performance of street trading will not interfere with his school progress.
.....
.....
.....

.....
Principal.

Place.....
Date.....

I have satisfied myself that applicant shows no tendencies towards serious social maladjustment or uncontrollability which might be aggravated by his partaking in street trading.
.....
.....
.....

.....
Probation Officer/Welfare Officer/Commissioner of Child Welfare.

Place.....
Date.....

For Official Use.

Application approved/not approved.

Remarks.....
.....

.....
Official Designation.

Date.....

No. of Certificate issued.....
No. of badge issued.....

.....
Clerk in Charge of Register.

Date.....

OUERS, VOOG OF BEWAARDER SE TOESTEMMING.

Ek, ...
woonagtig te.....
synde die ouer/voog/bewaarder van die kind.....
.....gee hierby my toestemming dat genoemde.....straathandel mag dryf of in verband daarmee in diens geneem mag word, ooreenkomstig die verordeninge van die munisipaliteit .....

.....
Handtekening van ouer/voog/bewaarder.

Voor my geteken te.....,
op hede die.....dag van.....
19.....deur genoemde.....
wat verklaar het dat hy weet en verstaan wat die strekking en uitwerking daarvan is.

.....
Registrasiebeampte.

Ek het vandag die applikant ondersoek en sertifiseer hierby dat dit nie waarskynlik is dat sy liggaamlike of verstandelike gesondheid deur deelneming aan straathandel benadeel sal word nie.
.....
.....

.....
Mediese Gesondheidsbeampte/Distriksgeneesheer/Mediese Praktisyn.

Plek.....
Datum.....

Ek, ...
hoofonderwyser van die.....skool, sertifiseer hierby dat applikant 'n leerling aan voormelde skool is, dat hy nie agterlik op skool is nie en dat straathandel sy vordering op skool nie sal belemmer nie.....
.....
.....

.....
Hoofonderwyser.

Plek.....
Datum.....

Ek het my daarvan oortuig dat applikant geen neiging tot ernstige maatskaplike wanaanpassing of onbeheerbaarheid toon wat moontlik deur sy deelneming aan straathandel vererger kan word nie.....
.....
.....

.....
Proefbeampte/Welsynbeampte/Kommissaris van Kindersorg.

Plek.....
Datum.....

Vir amptelike gebruik.

Aansoek goedgekeur/nie goedgekeur nie.

Opmerkings.....
.....

.....
Ampstitel.

Datum.....

No. van Sertifikaat uitgereik.....
No. van Kenteken uitgereik.....

.....
Klerk verantwoordelik vir register.

Datum.....

"B".

FORM OF CERTIFICATE.

Certificate No.....
Badge No.....

LOCAL AUTHORITY FOR KROONSTAD.

By-law relating to street trading No..... of.....

STREET TRADER'S CERTIFICATE.

Type of street trading in respect of which certificate is granted.....
.....

Issued to:—

Surname.....
Christian names.....
Address.....

.....
Signature of Street Trader.

Licence is hereby granted to the above named, whose signature appears above, to engage in street trading of the type described above within the area of jurisdiction of the Municipality of.....under the following conditions:—

(*a*) Street trading is permitted between the hours of 6 a.m. and an hour before school re-opens each day, and after the school closes to 6 p.m. each day (excluding Sundays, Christmas Day and Good Friday).
(*b*) The badge shall be worn in a conspicuous place on the clothing.
(*c*) This certificate shall remain in force until the .....February, 19.....
(*d*) On cancellation or expiration of certificate, the licencee shall return it together with the badge to the registering officer.
(*e*) The deposit payable by licensee shall be 1s. per capita.

.....
Registering Officer.

Place.....
Date.....

✱ No. 2535.] [20 October 1950.

DISSOLUTION OF RICHMOND (CAPE) RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* (2) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), dissolved the Richmond (Cape) Rent Board absolutely with effect from the 30th October, 1950.

✱ No. 2536.] [20 October 1950.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—GERMISTON RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed Mr. J. W. Potgieter as member and Mrs. F. C. Rossouw as alternate member of the Germiston Rent Board for the period 1st November, 1950, to 15th April, 1951, *vice* Mr. M. M. Clementz and Miss H. Cornelius respectively.

✱ No. 2547.] [20 October 1950.

DISSOLUTION OF DANNHAUSER RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* (2) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), dissolved the Dannhauser Rent Board absolutely with effect from the 3rd November, 1950.

„B".

VORM VAN SERTIFIKAAT.

Sertifikaatnommer.....
Kentekennommer.....

PLAASLIKE BESTUUR VAN KROONSTAD.

Verordening betreffende Straathandel nommer..... van.....

SERTIFIKAAT VAN STRAATHANDELAAR.

Soort straathandel ten opsigte waarvan sertifikaat uitgereik is.....
.....

Uitgereik aan:—

Familienaam.....
Voorname.....
Adres.....

.....
Handtekening van straathandelaar.

Vergunning word hierby verleen aan bogenoemde wie se handtekening hierbo voorkom, om bogemelde soort straathandel binne die regsgebied van die munisipaliteit Kroonstad op die volgende voorwaardes te dryf:—

(*a*) Straathandel word elke dag toegelaat van 6 vm. tot een uur voor die skool begin, en daagliks nadat die skool gesluit het tot 6 nm., uitgesonderd Sondae, Kersfeesdag en Goeie-Vrydag.
(*b*) Die kenteken moet aan die klere gedra word op 'n plek waar dit duidelik sigbaar is.
(*c*) Hierdie sertifikaat bly van krag tot..... Februarie 19.....
(*d*) Die lisensiehouer moet die sertifikaat sodra dit verstryk of ingetrek word, tesame met die kenteken aan die registrasiebeampte terugbesorg.
(*e*) Die deposito betaalbaar deur die lisensiehouer is 1s. per capita.

.....
Registrasiebeampte.

Plek.....
Datum.....

✱ No. 2535.] [20 Oktober 1950.

ONTBINDING VAN HUURRAAD RICHMOND (KAAP).

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* (2) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die Huurraad Richmond (Kaap) met ingang van 30 Oktober 1950 geheel en al ontbind het.

✱ No. 2536.] [20 Oktober 1950.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD GERMISTON.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), mnr. J. W. Potgieter as lid en mev. F. C. Rossouw as plaasvervangende lid van die Huurraad Germiston, vir die tydperk 1 November 1950 tot 15 April 1951 aangestel het in die plekke van mnr. M. M. Clements en mej. H. Cornelius, onderskeidelik.

✱ No. 2547.] [20 Oktober 1950.

ONTBINDING VAN HUURRAAD DANNHAUSER.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* (2) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die Huurraad Dannhauser met ingang van 3 November 1950 geheel en al ontbind het.

✱ No. 2548.] [20 October 1950.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—RENT BOARDS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the undermentioned persons to the following Rent Boards for the period 30th October, 1950, to 29th October, 1953:—

Rent Board.	Chairman.	Members.	Alternate Members.
Alexandria..	The Magistrate, Alexandria	H. de Pinna.... J. R. van der Merwe	—
Aliwal North	The Magistrate, Aliwal North	Col. D. N. de Wet P. F. Swanepoel	Mrs. M. E. Greeff.
Cala (Xalanga)	The Magistrate, Cala	Dr. R. T. Harrison H. R. de Wet	D. A. Grundlingh.
Calvinia....	The Magistrate, Calvinia	H. S. Spies..... N. J. Basson	J. A. Louw.
Cetes.....	The Magistrate, Ceres	Mrs. A. E. Cillie D. F. Faure	M. J. Marais.
Kliprivier (Ladysmith Natal)	The Magistrate, Ladysmith (Natal)	J. A. Kok..... J. C. K. Venter	G. B. I. Wright.
Ladismith (Cape)	The Magistrate, Ladismith (Cape)	I. W. van Tonder J. A. van Zyl	F. J. Bruwer.
Mafeking...	The Magistrate, Mafeking	C. S. Strickland J. H. Nienaber	Mrs. J. M. van Heerden.
Middelburg (Tvl.)	The Magistrate, Middelburg (Tvl.)	P. P. van Blerk. D. D. de Kock	J. E. R. Stocker.
Piet Retief..	The Magistrate, Piet Retief	F. P. Faber..... T. M. Mocke	J. C. van Rooyen.
Somerset East	The Magistrate, Somerset East	F. J. Knoetze... C. A. Schoeman	J. F. de Lange.
Vryheid.....	The Magistrate, Vryheid	The Assistant Magistrate, Vryheid I. J. Erasmus T. R. Terblanche	Mrs. P. M. Krogh.
Willowmore	The Magistrate, Willowmore	H. Lewis..... P. J. Rademeyer	S. W. du Plessis
Williston...	The Magistrate, Williston	J. H. Swart..... T. G. J. Gildenhuys	H. W. C. Louw.

✱ No. 2549.] [20 October 1950.

DISSOLUTION OF VREDEFORT RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* (2) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), dissolved the Vredefort Rent Board absolutely with effect from the 23rd October, 1950.

✱ No. 2550.] [20 October 1950.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—BLOEMFONTEIN RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the following persons to the Bloemfontein Rent Board for the period 15th October, 1950, to 14th October, 1953:—

As chairman: J. G. Marais.
As members: R. Olivier, A. G. Labuschagne, F. W. Storey.
As alternate members: Mrs. R. D. R. Kruger, J. M. Smuts.

✱ No. 2548.] [20 Oktober 1950.

AANSTELLING VAN LEDE VAN HUURRADE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), ondergenoemde persone in die volgende Huurrade vir die tydperk 30 Oktober 1950 tot 29 Oktober 1953 aangestel het:—

Huurraad.	Voorsitter.	Lede.	Plaasvervangende lede.
Alexandria..	Die Magistraat, Alexandria	H. de Pinna..... J. R. van der Merwe	—
Aliwal-Noord	Die Magistraat, Aliwal-Noord	Kol. D. N. de Wet P. F. Swanepoel	Mev. M. E. Greeff.
Cale (Xalanga)	Die Magistraat, Cala	Dr. R. T. Harrison H. R. de Wet	D. A. Grundlingh.
Calvinia....	Die Magistraat, Calvinia	H. S. Spies..... N. J. Basson	J. A. Louw.
Ceres.....	Die Magistraat, Ceres	Mev. A. E. Cillie D. F. Faure	M. J. Marais.
Kliprivier (Ladysmith, Natal)	Die Magistraat, Ladysmith (Natal)	J. A. Kok..... J. C. K. Venter	J. B. I. Wright.
Ladismith (Kaap)	Die Magistraat, Ladismith (Kaap)	I. W. van Tonder J. A. van Zyl	F. J. Bruwer.
Mafeking...	Die Magistraat, Mafeking	C. S. Strickland J. H. Nienaber	Mev. J. M. van Heerden.
Middelburg (Tvl.)	Die Magistraat, Middelburg (Tvl.)	P. P. van Blerk.. D. D. de Kock	J. E. R. Stocker.
Piet Retief..	Die Magistraat, Piet Retief	F. P. Faber..... T. M. Mocke	J. C. van Rooyen.
Somerset-Oos	Die Magistraat, Somerset-Oos	F. J. Knoetze... C. A. Schoeman	J. F. de Lange.
Vryheid.....	Die Magistraat, Vryheid	Die Assistent-magistraat, Vryheid I. J. Erasmus T. R. Terblanche	Mev. P. M. Krogh.
Willowmore	Die Magistraat, Willowmore	H. Lewis..... P. J. Rademeyer	S. W. du Plessis.
Williston....	Die Magistraat, Williston	J. H. Swart..... T. G. J. Gildenhuys	H. W. C. Louw.

✱ No. 2549.] [20 Oktober 1950.

ONTBINDING VAN HUURRAAD VREDEFORT.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* (2) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die Huurraad Vredefort met ingang van 23 Oktober 1950 geheel en al ontbind het.

✱ No. 2550.] [20 Oktober 1950.

AANSTELLING VAN LEDE.—HUURRAAD BLOEMFONTEIN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Volkswelsyn, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die volgende persone in die Huurraad Bloemfontein vir die tydperk 15 Oktober 1950 tot 14 Oktober 1953 aangestel het:—

As voorsitter: J. G. Marais.
As lede: R. Olivier, A. G. Labuschagne, F. W. Storey.
As plaasvervangende lede: Mev. R. D. R. Kruger, J. M. Smuts.

✱ No. 2551.] [20 October 1950.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—RENT BOARDS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the following persons to the undermentioned Rent Boards for the period 2nd October, 1950, to 1st October, 1953:—

Rent Board.	Chairman.	Members.	Alternate Members.
Parys.....	The Magistrate, Parys	P. M. le Roux.. Mrs. M. C. Mac-Donald	E. Schutte.
Ventersdorp.	The Magistrate, Ventersdorp	J. C. Weber..... J. A. Botha	J. S. van Onselen.

✱ No. 2552.] [20 October 1950.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—STERKSTROOM RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Social Welfare has, under and by virtue of the powers vested in him by section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), appointed the following persons to the Sterkstroom Rent Board for the period 23rd October, 1950, to 22nd October, 1953:—

As chairman: The Magistrate, Sterkstroom.
As members: A. J. Strydom, T. F. Jansen van Vuuren.
As alternate member: A. C. Lombard.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 2511.] [3 October 1950.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 70.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILLIS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, obscene or objectionable:—

(1) "Focus" (all issues).
(2) "Telepress" (all issues).
(3) "Stag" (all issues).
(4) "Eye" (all issues).

